

God se volk in die stede



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Openbaring 2:8–11, 3:7–11, 2:12–17, 14:12, 2:18–29, 3:1–6, 3:14–22; Jesaja 61:10.

Geheeteks:

“Wie ‘n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê” (*Openbaring 3:22*).

Jesus het deur Johannes vanuit Patmos ‘n brief met sewe boodskappe aan sy volgelinge gestuur. Terwyl daardie boodskappe oorspronklik vir die kerke in Asië gedurende Johannes se tyd bedoel was, was hulle ook aan alle Christene deur die geskiedenis geskrywe. As hierdie boodskappe met mekaar vergelyk word, is dit duidelik dat elke boodskap uit ‘n sesvoudige struktuur bestaan. Elkeen begin met Jesus wat ‘n spesifieke kerk aanspreek. Tweedens word die frase: “Dit sê Hy ...” of “Dit sê die ...” gebruik wanneer Jesus Homself aan elke kerk bekendstel deur beskrywende eienskappe van Homself te noem waarvan ook in Hoofstuk 1 gebruik was. Daardie beskrywings van Jesus spreek die spesifieke behoeftes van elke kerk aan. Jesus bewys dus dat Hy die vermoë het om hulle te help om al hulle verskillende struikelblokke en omstandighede te hanteer. Daarna evalueer Jesus die kerk en gee ook raad oor hoe om haar tekortkominge te bowe te kom. Laastens sluit elke boodskap af met ‘n oproep om te hoor wat die Gees sê, en met beloftes aan die wat oorwin.

Wanneer ons die boodskappe analiseer, sal ons sien dat Jesus in staat was om in die behoeftes van elke kerk te voorsien, afgesien van die toestand van elke kerk. Daarom kan Hy sekerlik ook huidiglik in ons behoeftes voorsien.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 19 Januarie.*

Christus se boodskappe aan Smirna en Filadelfía

Jesus se tweede en sesde boodskappe was oorspronklik vir die kerke in Smirna en Filadelfía bedoel. Hierdie twee kerke het nie teregrywings van Jesus ontvang nie. Smirna was 'n pragtige ryk stad, maar, as gevolg van 'n keiserlike dekreet, ook 'n sentrum vir keiseraanbidding. Om te weier om aan hierdie mandaat gehoorsaam te wees, kon die verlies van wetlike reg tot gevolg gehad het, wat dan tot vervolging en selfs marteling gelei het.

Lees Openbaring 2:8–11. Hoe hou Jesus se bekendstelling van Homself met dié kerk se toestand verband? Wat was die toestand van hierdie kerk? Watter waarskuwing gee Jesus aan hierdie kerk oor wat in die toekoms sou gebeur?

Die boodskap aan die kerk in Smirna is ook op die kerk ná die apostoliese tydperk van toepassing, toe Christene baie erg deur die Romeinse Ryk vervolgd was. Die “tien dae” wat in Openbaring 2:10 genoem word, het na die tien jaar vervolgingstydperk verwys wat in 303 n.C. deur Keiser Diocletianus begin was, en tot 313 n.C. aangehou het toe Konstantyn die Grote die Edik van Milaan uitgevaardig het wat aan Christene godsdiensvryheid gegee het. Die sesde kerk aan wie Jesus 'n boodskap gestuur het, was Filadelfía wat “broederliefde” beteken. Die stad was geleë op die keiserlike handelsroete wat al die oostelike gebiede met al die westelike gebiede van die provinsie verbind het. Dit was begin met die doel om 'n sentrum te stig sodat die Griekse taal en kultuur in die gebied van Líbië en Frígië bevorder kon word.

Lees Openbaring 3:7–13. Hoe hou Jesus se bekendstelling van Homself in hierdie boodskap verband met die toestand van hierdie kerk? Wat sê Jesus se verklaring “want jy het min krag” (Openbaring 3:8) oor die toestand van hierdie kerk? Watter beloftes was aan hierdie kerk gemaak?

Dit is ook paslik om die boodskap aan hierdie kerk met die groot herlewing van Protestantisme gedurende die agtiende en negentiende eeue, in verband te bring. Hulle het inderdaad, gegewe die lig wat hulle gehad het, daarna gestrewe om “[my] Woord” (Openbaring 3:8) te bewaar. Die kerk van hierdie tydperk was deur 'n opregte begeerte om die evangelie aan die hele wêreld uit te dra, aangespoor. Die gevolg was dat daar 'n baie groot herlewing van die evangelieboodskap was soos wat dit nog met Pinkster die geval was.

Christus se boodskap aan Pérgamus

Pérgamus was die sentrum vir verskeie heidense kultusse wat die kultus van Asklepios, die Griekse god van gesondmaking, ingesluit het. Hy was ook “die Verlosser” genoem en was deur ‘n simbool van ‘n slang verteenwoordig. Mense het van oral na die heiligdom van Asklepios gekom om genees te word. Pérgamus het ‘n leidende rol gespeel om die kultus van keiseraanbidding te bevorder wat, net soos in Smirna, verpligtend was. Geen wonder dat die teksvers sê dat die Christene in Pérgamus in die plek waar “die Satan is”, woon, en waar sy troon geleë is.

Lees Openbaring 2:12–15. Hoe stel Jesus Homself aan hierdie kerk bekend? Hoe het Hy die kerk van Pérgamus waargeneem?

Omdat die heidendom met al sy pragtige tempels hulle omring het, het die Christene in Pérgamus beide van buite en binne die kerk voor baie versoekings te staan gekom. Terwyl die meeste van hulle getrou gebly het, het sommige wat die Nikolaiete genoem was, kompromieë met die heidendom aangemoedig om vervolging te vermy. Hulle word in hierdie brief met ‘n ander groep wat na Bileam vernoem is, verbind. Hy het mos die Israeliete verlei terwyl hulle op pad was na die Beloofde Land (*Númeri 31:16*). Hierdie twee groepe het gelykvormigheid met die heidense praktyke aangemoedig om sodoende die ongerief van die vervolging te vermy.

Lees Openbaring 2:16, 17. Waarop dring Jesus aan dat die kerk moet doen om hulle geestelike toestand te verbeter? Watter beloftes gee Jesus aan hulle?

Die boodskap aan die kerk in Pérgamus beskryf ook paslik die toestand van die kerk na 313 n.C. Alhoewel die Christendom die stryd teen die heidendom gewen het, het baie in die kerk kompromieë aangegaan. Alhoewel sommige standvastig en getrou aan die evangelie gebly het, het daar gedurende die vierde en vyfde eeue geestelike agteruitgang en afvalligheid plaasgevind terwyl die kerk geworstel het – en duidelik verloor het – met die versoeking om toe te gee.

Wat beteken dit om nie “die geloof in My” (*Openbaring 2:13*; sien ook *Openbaring 14:12*), te verloën nie. Wat sê dit aan ons oor die oorsprong van ons geloof en van ons gewyde verpligting om daaraan vas te klou, selfs wanneer ons met die dood gedreig word, of wat nog meer gevaarlik is, om ‘n kompromie aan te gaan?

Christus se boodskap aan Thiatíre

In vergelyking met die ander stede het Thiatíre, volgens wat ons vandag weet, geen politieke of kulturele rol in die antieke geskiedenis gespeel nie. Dit was meer vir handelsaktiwiteite bekend. Indien jy 'n sakeonderneming wou bedryf of selfs net wou werk, was dit verpligtend om aan 'n besigheidsgilde of -vereniging te behoort. Vir lede was dit verpligtend om aan die feeste van die gildes en aan die tempelrituele deel te neem, wat dikwels immorele aktiwiteite ingesluit het. Diegene wat nie aan hierdie verpligte aktiwiteite wou deelneem nie, het hulle lidmaatskap verbeur en was met ekonomiese sanksies gestraf. Die Christene in hierdie stad moes tussen kompromieë en hulle getrouheid aan die evangelie kies.

Lees Openbaring 2:18–29. Hoe stel Jesus Homself aan hierdie mense bekend (*sien ook Daniël 10:6*)? Vir watter goeie hoedanighede het Jesus die kerk geprys, en waarmee het hulle geworstel?

Net soos in Pérgamus, was kompromieë met die heidense gebruike 'n bedreiging vir Thiatíre. Die naam “Isébel” verwys na die vrou van Koning Agab wat Israel laat afdwaal het (*1 Konings 16:31–33*). Jesus stel haar as 'n geestelike prostituit voor. Diegene wat haar leringe goedgekeur het, het geestelike owerspel met haar gepleeg.

Die toestand in die kerk van Thiatíre is van toepassing op die toestand van die middeleeuse kerk in sy geheel. Die gevaar vir die kerk het nie van buite gekom nie, maar vanuit die gelede van diegene wat daarop aanspraak gemaak het dat hulle hul outoriteit van God ontvang het. Gedurende die middeleeuse tydvak het tradisie die Bybel vervang, 'n menslike priesterorde en heilige sakramente het Christus se priesterskap vervang, en werke was as die middel tot verlossing beskou. Diegene wat nie die korrupte invloede van die kerklike instelling goedgekeur het nie, was vervolging en selfs die dood te wagte. Vir baie eeue (*sien Daniël 7:25*) het dit gelyk asof die evangelie verlore was.

Dink na oor die woorde van Openbaring 2:25: “Hou maar net vas wat julle het, totdat Ek kom”. Wat beteken daardie woorde vir ons, beide as 'n kerk en individueel? Wat het ons van Jesus waaraan ons moet vashou?

Christus se boodskap aan Sardis

Sardis het 'n glorieryke geskiedenis gehad. Maar, teen die tyd van die Romeinse Ryk, het dit aansien verloor. Terwyl die stad nog steeds rykdom geniet het, was dit meer as gevolg van wat in die verlede bereik was, as wat dit in die teenswoordige opgelewer het. Die stad was bo-op 'n steil koppie gebou, en daarom onbereikbaar. Die stadsbewoners het so veilig gevoel dat hulle met die bewaking van die stadsmure nalatig opgetree het.

Lees Openbaring 3:1–6 saam met Matthéüs 24:42–44 en I Thessalonicense 5:1–8. Watter drie dinge beveel Jesus die Christene in Sardis aan om te doen om hulle geestelike toestand te herstel? Hoe het Jesus se waarskuwing om “wakker” te wees, ooreengestem met die geskiedkundige agtergrond van die stad?

Terwyl Jesus erken het dat daar 'n paar Christene in die kerk was wat getrou was, was die meeste van die kerklede geestelik dood. Hierdie kerk word nie van enige sigbare sonde of afvalligheid (soos in die geval van Pérgamus en Thiatíre) beskuldig nie, maar van geestelike laksheid. Dit is gepas om die boodskap aan die kerk in Sardis op die Protestante se geestelike toestand ná die Hervormingstydperk toe te pas, aangesien dit agteruitgegaan het en geleidelik dooierige vormdiens en geestelike selfvoldaanheid tot gevolg gehad het. Onder die druk van toenemende rasionalisme en wêreldsgesindheid, het die fokus op die verlossende genade van die evangelie weggekwy en plek gemaak vir rasionalisasie en droë filosofiese argumente. Die kerk wat gelyk het asof dit leef gedurende hierdie tydvak, was in werklikheid geestelik dood.

Hierdie brief is ook van toepassing op elke generasie Christene. Daar is Christene wat altyd kleurryk na hulle vroeëre getrouheid aan Christus verwys. Ongelukkig het hulle nie baie wat hulle kan sê oor hulle huidige verhouding met Christus nie. Hulle godsdiens is net uiterlik, en kom ware toewyding van die hart en opregte toewyding aan die evangelie, kort.

Deur altyd die groot waarheid van verlossing alleen deur geloof in Christus voor oë te hou, op watter maniere kan ons sê dat ons werke nie “volmaak” voor God bevind is nie? Wat beteken dit, en hoe kan ons ons werke “volmaak” voor Hom bring? Sien Matthéüs 5:44–48.

Die Christene in Laodicéa

Die laaste kerk wat deur Jesus aangespreek was, was in Laodicéa, 'n ryk stad wat op die hoofhandelsroete geleë was. Dit was beroemd vir 'n wolnywerheid, vir banke wat 'n ontsaglike hoeveelheid goud besit het, en 'n mediese skool wat oogsalf geproduseer het. Die oorfloed het die burgers van die stad selfgenoegsaam gemaak. Om en by 60 n.C., toe 'n aardbewing die stad vernietig het, het die inwoners 'n aanbod vir hulp van Rome afgewys omdat hulle gevoel het dat hulle alles gehad het wat nodig was om self die mas op te kom. Omdat die stad 'n tekort aan water gehad het, moes daar gebruik gemaak geword het van 'n oop waterleidingskema wat vanaf die warmwaterfonteine van Hiërâpolis gekom het. Omdat dit ver was, was die water lou teen die tyd wat dit Laodicéa bereik het.

Lees Openbaring 3:14–17 saam met Hoséa 12:8. Vergelyk die historiese eienskappe van die stad met hoe Christus hierdie kerk waargeneem het. Hoe het die selfgenoegsame gesindheid van die stad tot die Christene van Laodicéa deurgedring?

Jesus het nie die Christene in Laodicéa vir ernstige sondes, dwaalleer of afvalligheid aangespreek nie. Hulle probleem was eger selftevredenheid wat tot ongevoeligheid en laksheid gelei het. Net soos die water wat die stad louwarm bereik het, was hulle nie verfrissend koud of vuurwarm nie, maar net halfwarm. Hulle het daarop aanspraak gemaak dat hulle ryk was en aan niks ontbreek het nie; tog was hulle geestelik arm, naak en blind. Die kerk in Laodicéa verteenwoordig paslik die geestelike toestand van die kerk aan die einde van die aarde se geskiedenis. Dit word sterk bevestig deur woordelike verbintenisse met Openbaring 16:15 in verband met die voorbereiding vir die finale krisis, en dit is 'n bewys dat die kerk in Laodicéa die eindtydkerk voorstel. Die laaste kerk sal in tye van groot politieke, godsdienstige en sekulêre veranderinge bestaan, en sal uitdagings die hoof moet bied wat geen vorige generasie teëgekomp het nie. Maar hierdie kerk tree selfgenoegsaam op, en sukkel met haar egtheid. Christus se waarskuwing aan haar het 'n verreikende implikasie vir almal wat deel is van sy eindtydkerk. Jesus verseker die Laodicense van sy liefde vir hulle en dat Hy hulle nie sal opgee nie (*Openbaring 3:19*). Hy sluit sy beroep af deur Homself as die beminde wat by die deur staan en klop en pleit om ingelaat te word soos in Hooglied 5:2-6, voor te stel (*Openbaring 3:20*). Aan almal wat die deur oopmaak en Hom inlaat, word 'n intieme maaltyd belowe. Hierdie aanbod moet nie misgeloop word nie.

Lees Openbaring 3:18–22. Watter raad word deur Jesus aan die Laodicense gegee? Wat word deur die goud, 'n wit kledingstuk en oogsalf gesimboliseer (lees ook I Petrus 1:7; Jesaja 61:10; Galásiërs 6:10; Efésiërs 1:17, 18)? Wat word aan ons as Sewendedag-Adventiste wat glo dat ons die kerk van Laodicéa verteenwoordig, gesê?

Vir verdere studie:

Lees Ellen G. White, “Die Openbaring”, bl. 578–592, in *Die Handeling van die Apostels*. Die sewe briewe aan die kerke dui op geestelike agteruitgang in die sewe kerke. Die kerk in Éfese was steeds getrou, al het sy haar eerste liefde verloor. Die kerke in Smirna, Pérgamus en Filadelfia het getrou gebly; net ‘n klein aantal afgedwaalde lede was ontroou. Thiatíre was ‘n verdeelde kerk wat twee fases van getrouheid aan Christus beleef het. Die kerk in Sardis se toestand was baie ernstig. Die oorgrote meerderheid in hierdie kerk was uit voeling met die evangelieboodskap, terwyl die oorblyfsel die paar getroues verteenwoordig het. Die kerk in Laodicéa se toestand was so dat daar niks goed van haar gesê kon word nie. In sy afsluitingsboodskap het Jesus belofte aan diegene wat sy raad sou aanneem, gemaak. Dit blyk egter dat saam met die klaarblyklike geestelike agteruitgang in die kerke, daar ‘n eweredige toename in belofte gegee was. Aan Éfese word daar een belofte gemaak, en daarna soos wat elke kerk meer en meer geestelik agteruitgaan, ontvang elkeen van hulle meer belofte as die vorige een. Laastens, terwyl daar aan die kerk in Laodicéa net een belofte gemaak word, blyk dit die belangrikste belofte te wees, naamlik: om saam met Jesus op sy troon te sit (*Openbaring 3:21*).

Vrae vir bespreking:

- Hoe weerspieël hierdie toenemende belofte, saam met die geestelike agteruitgang in die kerke, die uitspraak dat wanneer sonde toeneem, genade meer oorvloedig word (*Romeine 5:20*)? Dink na oor die volgende verklaring, “ dat die kerk, hoe verswak en gebrekkig dit ook mag wees, die enigste doelwit op aarde is waaraan Christus sy hoogste agting bestee. Hy waak gedurig met besorgdheid daarvoor, en versterk dit deur die uitstorting van sy Heilige Gees”. — Ellen G. White, *Selected Messages*, boek 2, bl. 396. (Vrye vertaling).**
- Christene sê dikwels dat dit moeilik is om ‘n Christen in industriële, kommersiële en metropolitaanse stede te wees. Wat kan uit die feit geleer word dat, in die voorspoedige stede in Asië, daar Christene was wat onwankelbaar te midde van heidense omgewingsdruk, lojaal aan die evangelie gebly het? Dink aan daardie Christene in Asië in die lig van Jesus se gebed in Johannes 17:15–19. Hoe is die konsep van in die wêreld maar nie van die wêreld nie, van toepassing op Christene vandag, spesifiek op hulle wat in metropolitaanse stede woon?**
- Hoe kan ons as Adventiste meer aandag gee aan die boodskap wat aan die Laodicense gegee was?**